

# Voorkeurbesprekings

## ATKV-oorde vergemaklik u vakansie-ervaring met gesinsvriendelike wegbreke by enigeen van ons sewe oorde wat u, as ATKV-lid, boonop die vergunning gee om vooruit te bespreek.

Lede kan vanaf 1 November 2025 soos oudergewoonte hul besprekings vir die skoolvakansie in Desember 2026 maak.

*Om die voorkeurbesprekingsproses egter so vlot as moontlik te laat verloop, bring ons graag die volgende aspekte onder ons lede se aandag:*

1. Die voorkeurbesprekingsperiode vir lede word tot die eerste 14 dae van November 2025 beperk. Lede sal slegs 14 dae vanaf 1 November 2025 hê om te bespreek. Vanaf 15 November 2025 word besprekings vir die algemene publiek oopgestel. Besprekings kan vanaf 07:00 die oggend op 1 November 2025 gemaak word.

2. Besprekings vir verblyf vir die Desembervakansie by enige ATKV-oord kan vir ’n minimum van vyf nagte gedoen word, en vir kampering ’n minimum van tien nagte.

3. Ongelukkig sal geen besprekings in persoon by die ATKV-hoofkantoor of by enige van die ATKV-oorde gemaak kan word nie.

4. Lede moet asseblief ook kennis neem dat die #RekUit-depositobeleid vir voorkeurbesprekings steeds geld. Meer inligting oor die skedules is hier beskikbaar.

5. Deur te bespreek, bevestig u dat u aan alle bepalings en voorwaardes, sowel as die oordreëls sal voldoen.

6. Voorkeurbesprekings kan ook nou aanlyn op die ledeplatform gemaak word. *Neem asseblief kennis van die volgende wanneer u aanlyn bespreek:*
   a. Lede kan van 1 tot 14 November 2025 aanlyn by www.atkvoorde.co.za bespreek vir die skoolvakansie in Desember 2026.
   b. Dit geld vir alle oorde. Vir ATKV-Hartenbos sal verblyf slegs aanlyn en telefonies bespreek kan word. Besprekings vir kampering sal slegs telefonies gemaak kan word.








7. **Indien u aanlyn bespreek:**
   a. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
   b. Kan u NIE 'n spesifieke eenheid/staanplek kies NIE, slegs 'n eenheidstipe of kampeerstaanplekblok.
   c. Is die deposito van 10% van die besprekingswaarde onmiddellik betaalbaar, slegs vir 1 en 2 November 2025. Daarna val dit terug na 50% van die besprekingswaarde, soos met gewone aanlyn besprekings..
   d. Om teleurstelling te voorkom, word u aangemoedig om vooraf seker te maak dat u geregistreer is en toegang tot die aanlyn ledeplatform het wanneer u aanlyn bespreek. Indien u onseker is of hulp nodig het, skakel gerus ons ledesake-afdeling by 011 919 9000.
   e. Inbel- en e-posbesprekings (slegs e-posaansoeke soos ontvang vanaf 07:00 op 1 November 2025) word aanvaar, maar inbelbesprekings sal voorkeur geniet.

8. **As u inbel en bespreek:**
   a. Kan u u eenheid/staanplek kies.
   b. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
   c. Is die deposito 10% van die besprekingswaarde volgens die #RekUit-skedule betaalbaar.

9. **U kan enige van die onderstaande nommers skakel om te bespreek**:
   - ATKV-Buffelspoort: 014 572 1000
   - ATKV-Drakensville: 036 438 6287
   - ATKV-Eiland Spa: 015 386 8000
   - ATKV-Goudini Spa: 023 349 8100
   - ATKV-Hartenbos: 044 601 7200
   - ATKV-Klein-Kariba: 014 736 9800
   - ATKV-Natalia: 031 916 4545
   - Sentrale besprekingskantoor: 011 919 9092



Ons waardeer u samewerking in hierdie verband. Moenie hierdie geleentheid misloop nie – skakel ons vanaf 1 November 2025 en bespreek u gesinsvriendelike wegbreke by een van ons sewe pragoorde!

www.atkvoorde.co.za

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE